

Wat Word Bedoel met “die Werke van die Wet”?

Vertaal deur Helmut Burger

Voorwoord

Hierdie boekie is oorspronklik in Engels geskryf deur Fred R. Coulter, leraar van die Christian Biblical Church of God, Hollister, Kalifornië, VSA. Die Engelse titel is: “What Do You Mean The Works of the Law?”, en kan op die webwerf, www.cbcbg.org, gekry word.

Wat hier onder volg is nie `n letterlike vertaling nie maar eerder `n verwerking. Die rede hiervoor is eenvoudig omdat die outeur oorspronklik die artikel geskryf het vir die Engelssprekende leser wat met die King James Weergawe van die Bybel vertrou is asook met die geskiedenis van die vertaling van die Bybel na Engels.

Om sekere gedeeltes van die artikel meer meer toepaslik vir die Afrikaanse leser te maak, en ook omdat die Afrikaanse taal soms in `n ander idioom uitdrukking vind, is die artikel hier en daar aangepas en is enkele toevoegings gemaak.

Wat die kernonderwerp van die oorspronklike artikel egter aanbetref, naamlik die Skriftuurlike betekenis van die begrip “werke van die wet”, is daar egter so na as moontlik aan `n letterlike vertaling gebly.

Laastens – alle Skrifaanhalings is uit die 1953(Hersiene) Uitgawe van die Bybel In Afrikaans, (hierin na verwys as “AOV”, synde Afrikaanse Ou Vertaling), tensy uit die konteks anders blyk. In laasgenoemde geval het die vertaler self die skrifgedeelte vertaal deur die Bybels, konkordansies of leksikons wat in die bibliografie aan die einde van die werk verskyn, te raadpleeg.

Inleidend

Wat is die ware Skriftuurlike betekenis van “die werke van die wet” in verhouding tot “regverdiging deur geloof” en gebodsonderhouding? Tradisionele Protestantse leringe skep ontsaglike probleme ter begrip van die ware betekenis van kritieke Skrifgedeeltes, deur te leer dat, wanneer `n persoon deur geloof geregverdig is, hy of sy nie nodig het om die geboorie van God te onderhou nie, en dat, diegene wat God se geboorie en wette onderhou, daardeur regverdiging deur middel van “die werke van die wet” soek. Hulle haal Rom. 3:20-22, 28 as bewys aan dat iemand wat “gered” is nie nodig het om die wet te onderhou nie. In die AOV lees hierdie verse soos volg: “aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde. Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en

die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie... Ons neem dus aan [kom tot die gevolgtrekking] dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet”.

Die sinsdeel “uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie,” in verband gebring met die frases “sonder die wet” en “sonder die werke [Grieks *εργων ergon*, ‘werke, dade’] van die wet, ” skep die indruk dat wet- en gebodsonderhouding nie vir verlossing vereis word nie. Onder diegene wat hierdie teorie steun, word gesê dat “die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus” beteken dat regverdiging deur geloof is sonder enige werke. Derhalwe is die bevel van God nie langer meer bindend op diegene wat in Jesus glo nie want “Christus is die einde van die wet” (Rom. 10:4).

Die verwarring wat deur hierdie skrifverwysings geskep word, word verder vererger deur wat Paulus in Romeine 2 geskryf het: “omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word” (Rom. 2:13). Hoe is dit dan dat die “daders van die wet geregverdig sal word” as “die werke van die wet” nie regverdig nie?

Paulus het verdermeer geskryf dat die wet nie deur geloof afgeskaf word nie maar, eerder, dat die wet deur geloof bevestig word: “Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, **ons bevestig die wet**” (Rom. 3:31). In stede van om met die wet weg te doen het Paulus herbevestig wat Jesus Christus aangaande die wet geleer het toe Hy gesê het: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. **Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul**. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie” (Matt. 5:17-18). (Sien asseblief ook die artikel “How Did Jesus Christ Fulfill the Law and the Prophets?”).

Die probleme met die begrip van hierdie skrifgedeeltes, asook die foutiewe uitleg van Romeine 3:20-22, het begin met onakkurate vertalings en aannames. In die geval van die Engelse vertaling van die Bybel het die onakkurate vertaling met John Wycliffe se 1380 vertaling uit die Latynse Vulgaat begin. In moderne Engels lees hierdie vertaling as volg: “For of the works of the law, each flesh shall not be justified before him, for by the law is the knowledge of sin, but now without the law, the righteousness of God is showed, this is witnessed of the law and the prophets and the righteousness of God is by the faith of Jesus Christ in to all men and on all men that believe in him” (Samuel Bagster, *The English Hexapla*, 1841). Vergelyk mens dit met die AOV, (sien hierbo), is die Afrikaanse weergawe vir alle praktiese doeleindes identies hieraan.

William Tyndale se 1534 Engelse vertaling verskil ietwat hiervan. Sy weergawe skep egter ook die indruk dat die nakoming van

die bevele en wette nie vereis word nie: “Because that by the deeds of the law, shall no flesh be justified in the sight of God. For by the law comes the knowledge of sin. Now verily is the righteousness that comes of God declared **without the fulfilling of the law**, having witness yet of the law and of the Prophets. The righteousness no doubt which is good before God, comes by the faith of Jesus Christ unto all and upon all that believe” (William Tyndale’s Translation, Samuel Bagster, *The English Hexapla*, 1841; sien ook Tyndale se Nuwe Testament, 1536).

As mens hierdie verse van nader beskou sien mens dat Tyndale drie woorde by die frase, “without the law”, bygevoeg het, te wete, “the fulfilling of,” wat dit dan laat lees, “without the fulfilling of the law.” Tyndale het te ver van die Grieks afgewyk deur sy invoeging van hierdie addisionele woorde en die gevolglike vertaling skep die indruk dat niemand die wet hoef te hou nie. Uit ander werke van Tyndale weet ons dan ook dat hy die direk teenoorgestelde geglo het. Hoe dit ookal sy, het sy vertaling verdere steun aan die Protestantse opvatting, naamlik dat Christene nie die wet hoef te hou nie, verleen. In werklikheid het hierdie verkeerde uitleg aanleiding gegee tot die opkoms van ’n “wettelose genade” wat vadag in die kerk heers en wat absoluut teenstrydig is met die Woord van God. Die korrekte vertaling uit die Grieks en behoorlike uitleg van hierdie skrifgedeeltes openbaar egter wat Paulus bedoel het. Eers moet ons egter die volgende woorde en frase omskryf: sonde, wet, die letter van die wet, die werke van die wet, die gees van die wet, regverdiging en die geregtigheid van God.

Omskrywing van Sleutelwoorde en Frases

Sonde: Wat is sonde? Johannes het geskryf, “Elkeen wat die sonde doen[beoefen], doen [beoefen] ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.” (I Joh. 3:4). Sonde sny ’n mens van God af en, die loon van sonde is die dood (Rom. 3:23). Daar is openlike sondes, sondes wat deur ander gesien kan word en aan hulle bekend is, maar daar is ook bedekte sondes wat die weggesteekte sondes van die hart en verstand is. Baiemaal sal ’n persoon wat ’n bedekte sonde pleeg nie eens bewus wees daarvan nie. Verder ken niemand die bedekte sondes van ’n ander nie aangesien niemand die gedagtes van ’n ander kan lees nie. Aangesien God egter die harte van mense ken, ken Hy die weggesteekte sondes van die hart. Die apostel Paulus het oor die booshede van die mens se aard geskryf, naamlik dat daar niemand is wat regverdig is nie—almal is sondaars: “Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is, soos geskrywe is: **Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.** Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hulle keel is ’n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Hulle mond is vol

vervloeking en bitterheid. Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie. Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees” (Rom. 3:9-19).

Jesus het openbaar dat sonde sy oorsprong in die hart en verstand van die mens het: “En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. **Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.**” (Mark. 7:20-23). Die profeet Jeremia het gesê, “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?” (Jer. 17:9). En Paulus het ook gesê, “omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” (Rom. 8:7).

Die Wet: In die Nuwe Testament verwys die term, “die wet”, meestal na die wette en bevele van God soos gevind in die vyf boeke van Moses. In sommige gevalle verwys dit term “die wet” na die verbond wat God met Israel gemaak het. In die brief aan die Hebreërs kan “die wet” ook na die rituele wette met betrekking tot offerandes wat by die tempel in Jerusalem ge-offer was, verwys. In ander gevalle verwys “die wet” na `n spesifieke wet.

Die doel van God se wet is om sonde te definieer. Dit verskaf die kennis van wat sonde is, “want deur die wet is die kennis van sonde” (Rom. 3:20). As daar geen wet was nie, was daar nie sonde nie. En, as daar nie sonde was nie sou daar geen noodsaak vir vergifnis gewees het nie, geen noodsaak vir `n Verlosser nie. Dit is wat Paulus bedoel het toe hy geskryf het, “Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie” (Rom. 4:15). Die een wat die wet oortree, of sondig, kom onder die straf vir sonde. Die uiteindelijke einde van sonde is dood, want, “Want die loon van die sonde is die dood” (Rom 6:23).

Die wet omskryf sonde. Die wet het geen vermoë of krag om ditself af te dwing of om iemand te forseer tot gehoorsaamheid nie (Gal. 3:21). Selfs met die kennis van die wet, sondig mense steeds (Rom. 7:7-25); gevolglik is die hele wêreld onder die wet en skuldig voor God, of Hy erken word of nie (Rom. 2:11-13; 3:19).

Die Letter van die Wet: God het, van die begin van die wêreld af, vereis dat alle mense Sy wette en bevele in die letter van die wet gehoorsaam. (Gen. 4:6-8). Later het God, in die dae van Noag, alle lewe met `n vloed vernietig weens sonde en geweld (Gen. 6:5-13). Na die vloed het God Sy wette en bevele ingesluit by die verbond wat Hy met Noag en sy familie gesluit het (Gen. 8:20-22; 9:1-17). Later het Hy Sy verbond met Abraham en sy saad ingestel. Abraham het God geglo en sy geloof is hom as geregtigheid toegereken (Gen. 15:4-6). Toe God die die beloftes van die verbond wat Hy met Abraham ingestel het na

Isak toe oorgedra het, het God verklaar dat dit te danke was aan Abraham se gehoorsaamheid: “En die HERE het aan hom [Isak] verskyn en gesê: Moenie aftrek na Egipte nie; woon in die land wat Ek jou sal aanwys. Vertoef as vreemdeling in hierdie land, en Ek sal met jou wees en jou seën; want aan jou en jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee: Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het. En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; **omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my geboorie, my insettinge en my wette onderhou het**” (Gen. 26:2-5). Die bevele, verordeninge en wette van God, die onderhouding waarvan Abraham voor aangeprys is, is dieselfde wat God later aan die kinders van Israel by die berg Sinai gegee het.

In God se verbond met Israel, ook die “Ou Verbond” genoem, is die kinders van Israel voor die keuse tussen lewe en dood, seën en vloek, gestel, afhangende van hulle nakoming van Sy bevele en wette: “Kyk, ek het jou vandag voorgehou die **lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk**. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy geboorie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ‘n eed belof het om dit aan hulle te gee.” (Deut. 30:15-20).

In Deuteronomium 28 het God die seëninge vir gehoorsaamheid en die vloeke vir ongehoorsaamheid gelys. Hy het van Israel verwag om al Sy wette en bevele in die letter van die wet te gehoorsaam. As teenprestasie sou hulle die fisiese, materiële, seëninge vanaf God ontvang. Die verbond met Israel het egter geen belofte van ewige lewe ingehou nie; dit sou nie kom voor Jesus Christus nie. (God openbaar in die Ou Testament dat sekere uitverkosenes, soos die patriarge, profete en sekere regverdige konings van Israel en Juda wel die gawe en belofte van ewige lewe ontvang het. Hulle sal in die eerste opstanding, wanneer Jesus Christus terugkeer, wees).

Die Werke van die Wet: Hierdie sinsdeel, “die werke van die wet,” is waarskynlik een van die mees misverstaande frases in die sendbriewe van Paulus. Die verwarring oor die betekenis van hierdie uitdrukking het sy oorsprong uit ‘n onakkurate vertaling van die Griekse term, *εργων νομου ergon nomou* wat letterlik “werke van wet” beteken. Dit beteken nie “**die** werke van **die** wet” nie. In baie vertalings

van die Bybel het vertalers die bepaalde lidwoord, “die”, voor “werke” en “wet” ingevoeg. Dit kom nie in die Griekse teks voor nie. Vertalers het gevoel dat dit nodig was om die twee bepaalde lidwoorde in te voeg ten einde die betekenis duideliker te maak. Hulle het egter gedink dat die frase *ergon nomou* uitsluitlik na die wette en bevelen van God verwys. Hierdeur het die aanname ontstaan dat dit nie nodig is om God se geboorte te onderhou nie want “**die** werke van **die** wet” regverdig niemand voor God nie. Alhoewel dit waar is dat “werke van wet” [die korrekte vertaling] ook na die wette van God kan verwys, is dit duidelik dat Paulus `n veel wyer toepassing hiervan in gedagte gehad het.

As die apostel Paulus bedoel het om dit as “die werk van die wet” te skryf, sou hy dit so geskryf het in die Grieks. Om die waarheid te sê, daar is een vers, en slegs een vers, waar Paulus inderdaad geskryf het “die werk [enkelvoud] van die wet”: “Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, **van nature die dinge van die wet doen**, is hulle vir hulleself `n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat **die werk van die wet** in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig” (Rom. 2:14-15).

Die Griekse frase in vers 15 is *το εργον του νομου* *to ergon tou nomou* wat, as dit na Afrikaans vertaal word, “die werk van die wet” is. Dit is heeltemal duidelik dat Paulus hier van die wette van God praat.

Op sewe ander plekke het Paulus hierdie uitdrukking gebruik – telkens sonder die bepaalde lidwoord. Op hierdie plekke het hy “werke van wet”, geskryf. Dus, op al die plekke waar *ergon nomou* in die oorspronklike Grieks verskyn, moet dit as “werke van wet” en nie as “die werke van die wet” nie, vertaal gewees het. Hier volg `n lys van die sewe ander plekke waar Paulus die uitdrukking, *•εργων νομου ergon nomou* “werke van wet”, gebruik het:

1). Rom. 9:31-31: “terwyl Israel, wat `n* wet van geregtigheid nagejaag het, `n* wet van geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit *geloof was nie, maar net asof dit uit ***werke van *wet** was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot.” [*- in die AOV is die bepaalde lidwoord “die” telkens verkeerdlik hier ingevoeg. Die bepaalde lidwoord verskyn nie in die oorspronklike Grieks nie.]

2-4). Gal. 2:14-16: “Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat `n Jood is, soos `n heiden lewe en nie soos `n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe? Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie, terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit **werke van wet** nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit **werke van wet** nie; omdat uit **werke van wet** geen vlees geregverdig sal word nie.”

5). Gal. 3:2: “Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit **werke van wet** of uit die prediking van die geloof?”

6). Gal. 3:5: “Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit **werke van wet** of uit die prediking van die geloof?”

7). Gal. 3:10: “Want almal wat uit **werke van wet** is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.”

Die Ware Betekenis van “Werke van Wet”: Dit is uit bovermelde skrifgedeeltes duidelik dat Paulus die tradisionele wette van Judaïsme ingesluit het in die uitdrukking “werke van wet.” In Galasiërs 2 het Petrus en ander nie `n wet van God nie maar `n tradisionele wet van Judaïsme, naamlik dat `n Jood nie saam met nie-Jode mag eet nie, nagekom. Petrus het van beter geweet want, vyftien jaar vantevore toe God vir Petrus na Cornelius se huis gestuur het, het Petrus aan Cornelius gesê: “Julle weet dat dit **ongoorloof is vir ‘n Joodse man** om met iemand van ‘n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie” (Hand. 10:28). Petrus het hier van `n wet van Judaïsme gepraat - `n mensgemaakte tradisie. Paulus se gebruik van die uitdrukking “werke van wet” sluit derhalwe alle mensgemaakte godsdienstige tradisionele wette van Judaïsme in (Mark. 7:1-13). Dit kan ook na heidense godsdienstige rituele en die offerandes wat hulle aan hulle gode geoffer het, verwys (Hand. 14:8-18).

Bykomstig hiertoe kan die uitdrukking “werke van wet” ook na al die rituele en offerandes van die Ou Verbond verwys. Paulus het geskryf dat dit onmoontlik vir daardie rituele en offerandes is om vir ons sondes voor God die Vader in die hemel versoening te doen: “Want die wet, wat ‘n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie. Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie. Maar in dié offers is daar jaar na jaar ‘n herinnering aan die sondes; want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem” (Heb. 10:1-4).

Om op te som, “werke van wet” verwys na die werke van enige wet – die wette van God, die wette van Judaïsme en die wette van heidense godsdienste. Paulus het ongetwyfeld bedoel om die wydste moontlike betekenis aan die uitdrukking “werke van wet” te verleen wat dan alle werke van alle gelowe insluit.

Die Gees van die Wet: Jesaja het geprofeteer dat Jesus Christus die wet sou groter maak: “Dit het die HERE behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing* groot en heerlik te maak.” (Jes. 42:21). [*- in die oorspronklike Hebreeus staan daar תּוֹרָה *tôrah*, wat “wet”, bedoelende die wet van God, beteken]. Die Hebreeuse woord wat hier as “groot” vertaal is, is גָּדוֹל *ghadal*, en beteken, onder andere, in

die werkwoordvorm soos dit hier verskyn: “groot maken, aanzien geven, grote dingen doen” (*Hebreeuws – Nederlands Lexicon*). Die Hebreeuse woord wat hier as “heerlik” vertaal is, is rda *adar*, en beteken, onder andere, in die werkwoordvorm soos dit hier verskyn: “glorierijk maken” (*Hebreeuws – Nederlands Lexicon*).

Jesus Christus het die wet in al Sy onderwysings meer aansien gegee, groter gemaak as die eng letter-van die-wet benadering, die wet inderdaad met die glorie wat dit moet geniet, uitgelê en verduidelik. In die “bergpredikasia” het Jesus herhaaldelik gesê: “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is...maar Ek sê vir julle...” (Matt. 5-7). Hy het verklaar en geleer dat die wette en bevele van God “in die gees van die wet” onderhou moet word. Dit beteken nie in `n afgewaterde vorm nie. Inteendeel, dit is in `n verhewe vorm – vêr groter en hoër as in die vorm van die letter, `n baie hoër standaard! Onderhouding in die letter is nie goed genoeg nie! Dit is wat Jesus geleer het! En ten einde die gees van die wet te gehoorsaam het mens die Heilige Gees van God nodig en ook dat die wette en gebooe van God in die hart en verstand ingeskryf word.(Heb. 10:16-17).

Aangaande die onderhouding van die wet in die gees daarvan, het Paulus geskryf, “...sodat ons in nuutheid van *die* gees en nie in *die* oudheid van die letter nie, kan dien...Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed...Want ons weet dat **die wet geestelik** is” (Rom. 7:6, 12, 14). Paulus praat in hierdie skrifgedeeltes van die geestelike opset of motief, vir die onderhouding van die gebooe van God. Dit word genoem - die gees van die wet. Ware Christene sal die wette en bevele van God in nuutheid van die gees gehoorsaam. Nie alleen sal hulle gehoorsaamheid uit hulle harte kom nie maar, dit sal ook uiterlik waarneembaar in hulle dade wees. Kortom, die ware Christen sal God se wette en bevele gehoorsaam omdat hy of sy dit uit sy of haar hart **wil** gehoorsaam omdat hy of sy God lief het met sy of haar hele wese.

Die hele Wet en die Profete is gegrond op liefde en moet in die gees van die wet onderhou word. Dit is wat Jesus Christus bedoel het toe op die skrifgeleerde se vraag geantwoord het: “En toe een van die skrifgeleerdes wat bygekom het, hulle hoor redetwis, en wis dat Hy hulle goed geantwoord het, vra hy vir Hom: Wat is die eerste gebod van almal? En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooe is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is ‘n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, soortgelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie. En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers. Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. En niemand het dit meer gewaag om Hom vrae

te stel nie” (Mark. 12:28-34). Mattheus het ook Jesus se woorde hieromtrent neergeskryf, en, “Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete” (Matt. 22:40).

Jesus het nadruklik gebodsonderhouding gegrond op liefde vir God, geleer: “¹⁵As julle My liefhet, bewaar die gebooe – naamlik, My gebooe...²¹Wie my gebooe het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar...As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.

²⁴Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het...⁹Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. ¹⁰As julle my gebooe bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooe van my Vader bewaar en in Sy liefde bly” (Joh. 14:15, 21,23-24; 15:9-10).

Die apostel Johannes het geskryf dat die gebooe van God nie swaar is nie: “³En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooe bewaar.

⁴Hy wat sê: ‘Ek ken Hom’, en sy gebooe nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. ⁵Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. ²Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooe bewaar. ³Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooe bewaar; en sy gebooe is nie swaar nie.” (I Joh. 2:3-5; 5:2-3).

Wanneer `n mens tot bekering gekom het loop mens die lewenspad in nuutheid van lewe en doen mens die “goeie werke” van om God lief te hê en Sy gebooe te onderhou. (Soos duidelik uit die aangehaalde skrifgedeeltes uit Johannes se evangelie en sy sendbrief hierbo blyk, is dit juis wanneer en omdat ons God uit ons harte liefhet dat ons Hom gehoorsaam. Al Sy wette is uit liefde vir ons gemaak en daarop gebaseer. Hy het Sy wette nie gemaak om dit vir ons moeilik te maak om Hom te dien nie, of as `n straf nie. Dit is goed vir ons om Sy gebooe te onderhou, dit het net seën tot gevolg – in besonder geestelike seën). Gebodsonderhouding in die gees van die wet hou mens terug van sonde want “ deur die wet is die kennis van sonde.”

Regverdiging deur Geloof: Wanneer iemand in `n staat van sonde leef, is hy of sy afgesny van God. Ten einde die verhouding met God reg te stel moet `n sondaar hom of haar tot God bekeer (tot sondebefes kom, berou hê, besluit om weg te draai daarvan, jou sondes aan God te bely – die proses van bekering), en die offerande van Jesus Christus aanvaar as volle betaling vir sy of haar sondes.

God regverdig die bekeerling afsonderlik, d.w.s. apart van, gebodsonderhouding.

Niemand kan voor God geregverdig word deur enige werk van enige wet nie. Inteendeel, regverdiging word aan `n gelowige gegee op grond van geloof. Hierdie gevolglike staat van regverdiging word ook dan die “gawe van geregtigheid” genoem, iets wat God die Vader vry en verniet aan die gelowige toereken (Rom. 5:17).

Die funksie van die wette en bevele van God, daarenteen, is om aan die mens te wys hoe hy of sy moet lewe en om hulle te wys wat sonde is. Geen wet kan sonde vergewe nie. Dit is nie die doel van God se wette en bevele nie. So kan geen wet derhalwe die ewige lewe gee nie. Dit ook, is nie die doel van God se wette en bevele nie. Dit is, eenvoudig gestel, nie die funksie van die wet nie. Net God die Vader kan iemand regverdig van sonde en Hy doen dit deur die offerande en bloed van Jesus Christus, `n handeling wat afsonderlik, apart, van wets- en gebodsonderhouding staan.

Nogtans doen regverdiging van verlede sondes nie weg met die wet of die goeie werke wat God van elke ware gelowige vereis nie. Dit is dan ook wat Paulus bedoel het toe hy in Romeine 2:13 geskryf het: “¹³ omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.”

Die Geregtigheid van God: Die geregtigheid van God blyk uit Sy genadige vergifnis van sonde deur, (as gevolg van), die offerande en bloed van Jesus Christus. Hierdie geregtigheid plaas die vergeefde sondaar in regte verhouding tot God. Paulus het geskryf: “want almal het gesondig en ontbreek aan die heerlikheid van God, **maar word vrylik deur Sy genade geregverdig** deur die verlossing wat in Christus Jesus is; Wie God openlik voorgestel het om as ‘n versoening, deur **geloof in Sy bloed, te wees**, ten einde **Sy geregtigheid** te toon deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat in die verlede gedoen is onder die verdraagsaamheid van God; *ja*, in hierdie tyd openlik **Sy geregtigheid** te verkondig, sodat Hy regverdig kan wees, en die een Wie die een wat uit *die* geloof van Jesus is, regverdig.” (Rom. 3:23-26). Die geregtigheid van God waaroor Paulus skryf, is die uitdrukking van God se liefde, barmhartigheid, vergifnis en regverdiging deur Jesus Christus. In `n sekere sin is die woorde “regverdiging” en “geregtigheid” hier sinonieme van mekaar, want die geregtigheid van God beteken die regverdiging wat Hy vrylik aan die gelowige bekeerling skenk.

“Sonder die Wet” : Die sinsdeel “sonder die wet” in die Afrikaanse vertaling (Rom. 3:21) is `n verdere misverstaande frase want “sonder” skep die indruk dat daar hoegenaamd geen wet is nie. Net soos wat dit die geval is in Engels, waar die woord “without”, (soos dit in die King James vertaal is), die betekenis van “the absence of,” dra, dra “sonder” ook die betekenis van “in afwesigheid van,” in Afrikaans. Vir hierdie rede glo baie mense dat diegene wat Christene word nie langer nodig het om op enige van God se wette en bevele ag te slaan nie. Die Engelse woord “without” in die King James en die Afrikaanse woord “sonder” in die 1953 Vertaling is egter `n verkeerde

vertaling van die Griekse woord *χωρις* *choris*. *Choris* beteken “afgezonderd, afzonderlik, zonder iets, behalve, uitgezonderd” (*Hebreeuws-Nederlands Lexicon*). In Engels is dit “separately, apart from, by itself, without” (Bauer, Arndt and Gingrich, *Greek English Lexicon of the New Testament*, 1974). Die korrekte vertaling van *χωρις* *choris* is dus “**afsonderlik van wet.**” Aangesien die wette en bevele van God nie ophou bestaan het nie, is die frase “afsonderlik van wet” meer presies want dit toon dat die funksie van die wet afgesonder, afsonderlik, is, van die funksie van regverdiging deur geloof.

Die Korrekte Vertaling van Romeine 3:20-26

Met `n behoorlike begrip van die woorde en uitdrukkings wat die apostel Paulus gebruik het, is dit moontlik om `n meer presiese vertaling van Romeine 3:20-26 te gee. As hierdie moeilike skrifgedeeltes wat deur Paulus geskryf is korrek vertaal word is dit makliker om te verstaan: “Daarom, deur **werke van wet**, sal geen vlees voor Hom geregverdig word nie; want deur *die wet is die kennis van sonde*. Maar nou is **die geregtigheid** [regverdiging] **van God wat afsonderlik is van wet**, geopenbaar en die Wet en die Profete is getuienis daarvan en **die geregtigheid** [regverdiging] **van God wat deur die geloof van Jesus Christus is**, teenoor almal en oor almal die wat glo; want daar is geen verskil nie. Want almal het gesondig en kom die heerlijkheid van God kort; **maar word vrylik geregverdig deur Sy genade deur die verlossing wat in Jesus Christus is**; Wie God openlik openbaar het as `n versoening deur geloof in Sy bloed ten einde **Sy geregtigheid** [regverdiging] te toon **ten opsigte van die vergifnis van sonde wat in die verlede**, in die tyd van God se verdraagsaamheid, **begaan** is; *ja*, om openlik **Sy geregtigheid** [regverdiging] te verklaar in hierdie tyd sodat Hy **regverdig** kan wees en die een **Wie die een wat van die geloof van Jesus is, regverdig.**”

Vergifnis van sonde en regverdiging voor God word slegs deur middel van die offerande en bloed van Jesus Christus verkry. Hierdie is gawes, (geskenke), vanaf God aan die bekeerling en kan nie deur middel van iemand se werke verdien word nie, soos Paulus geskryf het: “⁸Want deur genade is julle **gered, deur geloof**, en dit nie uit julleself nie: *dit is* die gawe vanaf God, **nie uit werke nie**, sodat niemand kan roem nie. Want ons is Sy maaksel, **geskape in Christus Jesus tot die goeie werke** wat God vantevore voorberei het, sodat ons daarin kan wandel” (Efe. 2:8-10).

Alhoewel geen werk van enige wet geestelike reverdiging kan meebring nie vereis God die Vader en Jesus Christus van diegene wat die Gees van God het, om Sy wette en bevele in die gees van die wet te gehoorsaam. Wetsonderhouding en regverdiging deur geloof het twee verskillende doeleindes. Beide is noodsaaklik vir verlossing.

Bibliografie

Afrikaanse vertalings van die Bybel.

1. Die 1933 vertaling
2. Die 1953 (hersiene) uitgawe
3. 1983 Nuwe Vertaling
4. Die Nuwe Lewende Vertaling, 2006

Engelse vertalings van die Bybel.

5. King James Version, 1611
6. The Holy Bible In It`s Original Order, A New English Translation, York Publishing Company, Hollister, California, USA (ISBN 13:978-0-9675479-9-2)

Bybels in die grondtale.

7. Old Testament, Hebrew and English, The British and Foreign Bible Society, London
8. The Interlinear Bible, Hebrew-Greek-English, Jay P. Green (Editor and Translator)
9. George Ricker Berry`s edition of "The Interlinear Literal Translation of the Greek New Testament." Prepared and edited in disk format by Maurice A. Robinson, Ph.D, Released on disk in Online Bible format as FREEWARE by the Editor.*
10. Online Hebrew:The Old Testament- The Hebrew Consonantal Text According to Leningrad MS. B19A, Prepared and edited in Online Bible format by Larry Pierce and Maurice A. Robinson*

Konkordansies/Leksikons

11. Online Bible Greek Lexicon (English)*
 12. Online Bible Hebrew Lexicon (English)*
 13. Grieks-Nederlands Lexicon*
 14. Hebreeuws-Nederlands Lexicon*
 15. New American Standard Greek Lexicon*
 16. New American Standard Hebrew Lexicon*
 17. Strong`s Greek Lexicon*
 18. Strong`s Hebrew Lexicon*
- (Bronne gemerk met * is almal afkomstig vanaf die rekenaarprogram THE WORD from Online Bible, version 1, www.AnswersInGenesis.org)

